# Redaksioneel

## 1. BESPREKING VAN PROEFSKRIFTE

Die redaksie het besluit dat daar voortaan in 'n gereelde rubriek 'n bespreking sal wees van alle doktorale proefskrifte wat by die Fakulteit Teologie (Afdeling A) ingedien word: Die doel van so 'n bespreking is die wyer bekendstelling van promovendi se akademiese werk. Daarby kan die rubriek ook die diskussie op die terrein van die verskillende teologiese dissiplines dien. Die eerste bespreking van proefskrifte is reeds in hierdie aflewering opgeneem.

## 2. SIMPOSIUM OOR DOOP EN VERBOND

Daar heers groot belangstelling vir die simposium wat op 24 en 25 Mei deur die Fakulteit Teologie (Afdeling A) aangebied word. Die tema van die simposium is *Doop en Verbond – 'n terreinverkenning.* Temas waaraan aandag gegee sal word, is die verbond in die Ou Testament, in die geskrifte uit die intertestamentêre tydvak en in die Nuwe Testament; verder ook die verband tussen doop en verbond in die patristiese literatuur, die sakrament in die Roomse Kerk, die reformatore se beskouing oor verbond en sakramente, die verbondstruktuur in die diensformuliere en belydenisskrifte en die vraag wát 'n sakrament is. Die referente wat sal optree en die besprekings sal inlei, is almal gedoktoreerdes of doktorandi van die Nederduitsch Hervormde Kerk. Volledige besonderhede kan verkry word van prof AD Pont, Departement Kerkgeskiedenis, Fakulteit Teologie (Afdeling A), Universiteit van Pretoria.